

HEKEL 'N TEEMUS

'n Teemus gehekel in filetsteek met 'n groot roosmotief is 'n sierstuk op elke tafel, en boonop is dit baie prakties!

eksklusief vir ROOI ROSE gemaak deur PINGOUIN-ontwerpateljee



onder redaksie van ANNINE VAN REENEN foto MARIAM GILLAN

DIE VOERINGMUSSIE

Wat jy benodig

50 cm katoen of linne, 120 cm breed;
30 cm watteersel, 120-150 cm breed
en 2,5 cm dik; bypassende masjien-
gare.

Maak só

Trek patroondeel na op bruinpapier.
Knip 4 dele van patroon uit in kle-
dingstof. Naattoelating van 1,5 cm
moet bygereken word. Plaas dele
twee-twee op mekaar, regte kante
teenmekaar, speld sy- en boonste nate
van mussie vas en stik.

Maak kepies by rondings van nate.

*'n Pragtige perskekleurige teemus met 'n
groot roos gehekel in filetsteek. Volg die
aanwysings en diagram vir die hekelwer-
kie en die voeringmussie aan die binnekant
wat jou teepot warm sal hou.*

Pars nate oop. Keer een deel van mus-
sie, wat buitekant vorm, om sodat
nate na binne wys. Die ander deel,
wat binnekant vorm, kan net so met
nate na buite gelaat word.

Pars some van 1,5 cm aan onder-
kante van voeringdele. Plaas nou bin-
nekant van teemus binne-in buite-
kant sodat verkeerde kante van twee

dele opmekaar is.

Knip twee dele van patroon uit in
watteersel. Naattoelating hoef nie by-
gereken te word nie. Skuif twee lagies
watteersel aan weerskante in voering
in. Speld onderkant van mussie toe
met soomvoulyne opmekaar en heg
vas met klein glipstekies.

Voeringmussie is nou voltooi. Plaas
gehekelde mussie bo-oor voeringmus-
sie, en siedaar – dis gereed om jou tee
warm te hou!

● *Blaai om vir diagramme en hekel-
patroon*

GEHEKELDE TEEMUS

BENODIGDHEDE

Ongeveer 100 g Pingouin Nr. 5 appellooskleurige hekelgare (kleur-nr. 98); hekelpen van 2 mm; voeringstof en watteersel, meet na hekelwerk voltooi is; bypassende manjiengare.

SPANNING

16 rye en 16 sps = 10 x 10 cm.

AFKORTINGS

ks – kettingsteek; kb – kortbeen; hlb – halflangbeen; lb – langbeen; st(e) – steek (steke); blk(s) – blokkie(s); sp(s) – spasie(s); beg – begin; vlg – volgende; herh – herhaal.

spasie – 1lb om te begin; *1ks, slaan 1 st oor, 1lb in vlg st. herh vanaf * soos aangedui op diagram.

Blokkie – 1lb te begin; *1lb in vlg ks, 1lb in daaropvlg ks om blk te voltooi; herh soos aangedui op diagram.

Let wel: 3ks vervang altyd die 1e 1b van 'n ry.

Let ook op dat 1kb i.p.v. laaste 1b van 'n ry en 2ks i.p.v. die eerste 1b van 'n ry geheel moet word wanneer die ronding van die teemus gevorm word.

VOOR- EN AGTERPANT

Hekel ks tot basisry 36 cm lank is; 3ks, draai.

Kyk op diagram en volg dit om roosmotief te hekel.

Wanneer laaste ry van motief voltooi

is moet nog 5 cm spasie geheel word; let op benodigde ronding. Knip gare af en werk netjies af.

TUSSENSETSELSTROOK

Basisry: Maak 'n ketting van ongeveer 5 cm.

Hekel spasie tot strook lank genoeg is om tussen die twee pante te pas. Knip gare af.

AFWERKING

Speld die tussensetsel tussen voor- en agterpant vas en werk dit met naald en gare in posisie, of hekel dit vas. Knip gare af.

Hekel rondom onderkant nog 2 rye 1b. Knip gare af.

Voltooi soos uiteengesit op bl. 65. ●

DIAGRAM VIR VOERINGMUSSIE





DIAGRAM VIR HEKELWERK



SLEUTEL TOT DIAGRAM

□ – 1 spasie

✕ – 1 blokkie